Laerskool Herbert Hurd

Afrikaans Assessering — Junie 2017

Graad 6 — Totaal: 50

**Afdeling A: Leesbegrip**

Lees deur die volgende inligtingstuk en beantwoord die vrae wat volg.

## Dinosourusse

*Lank gelede was daar baie dinosourusse op aarde. Hulle was reptiele. Dit beteken dat hulle koudbloedig was. Die meeste dinosourusse was reusagtig. Dit beteken BAIE GROOT. Hulle was ook baie sterk. Hulle was goeie vegters. Party dinosourusse was klein. Die grootste dinosourusse was groter as 'n gebou met vyf verdiepings. Die kleinste dinosourusse was kleiner as hoenders.*

*Die dinosourusse het miljoene jare gelede uitgesterf. Dit beteken hulle bestaan nie meer vandag nie. Hulle was oerdiere. Ons noem hulle ook pre-historiese diere. Niemand weet hoekom hulle uitgesterf het nie. Dit kan wees dat daar nie genoeg kos was om te eet nie.*

*Dinosourusse se tande en kakebene was nie baie sterk nie. Daarom moes hulle klippe insluk om die plante wat hulle geëet het, fyn te maal. Dinosourusse het gladde velle gehad. Daar was skubbe op hulle velle.*



**Woordeskat**

- Dinosourusse = Dinosaurs
- Vegters = Fighters
- Kakebene = Jaws
- Skubbe = Scales

**Vraag 1:**

**Beantwoord die volgende vrae in volsinne.**

a. Hoe groot was die grootste dinosourusse? (1)

b. Gee 'n ander woord uit die teks, wat dieselfde betekenis het as "baie groot". (1)

c. Hoe klein was die kleinste dinosourusse? (2)

d. Hoekom dink jy was dinosourusse goeie vegters? (2)

e. Wat dink jy beteken die woord "uitgesterf" in paragraaf 2? (2)

f. Gee 'n ander woord uit die leesstuk vir oerdiere? (2)

(10)

**Vraag 2:**

**Die volgende sinne is <u>onwaar</u>. Maak die sinne weer waar. Skryf die sin oor.**

a. Die kleinste dinosourusse het duisende jare gelede uitgesterf.

b. Die meeste dinosourusse was piepklein.

c. Dinosourusse het klippe ingesluk omdat dit gehelp het om hulle tande sterker te maak.

d. Die dinosourusse het harde vel gehad met vere op hulle velle.

**(5)**

Subtotaal: 15

**Afdeling B: Gedig**

Lees deur die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

## *In Vaaldam Woon 'n Draak*

*In Vaaldam woon 'n draak,*
*die laaste van sy soort,*
*met tande in sy kqak,*
*soos dit by drake hoort.*

*Ek wil na Vaaldam gaan*
*om self na hom te kyk*
*want as ek reg verstaan,*
*moet hy maar* ***aardig*** *lyk.*

*Of ... dalk moet ek maar bly,*
*want sê nou hy kom kyk*
*- as hy my daarso kry –*
*hoe ek van naby lyk ...*

Piet Swanepoel




**Woordeskat**

- Woon= Live
- Draak= Dragon
- Aardig= Ugly

**Vraag 1:**

**Beantwoord die volgende vrae in vol sinne.**

a. Hoeveel strofes het hierdie gedig? (1)
b. Wat is die titel van die gedig? (1)
c. Watter tipe rym is hierdie gedig? (1)
d. Wie is die digter van die gedig? (1)
e. Skryf **twee** woorde uit die gedig neer wat met mekaar rym. (1)
f. Wees Kreatief! Skryf enige **4 woorde** van jou eie neer (nie van die gedig nie) wat met mekaar 'n **paarrym** sal vorm. (2)



**Subtotaal : 7**

---

**Afdeling C: Taal**

**Vraag 1:**

Sê of die volgende sinne 'n **vraag**, **'n bevelsin** of **'n stelsin** is. (3)

a. In Vaaldam woon 'n draak.
b. Het dinosourusse miljoene jare gelede uitgesterf?
c. Hulle was reusagtig!

**Vraag 2:**

Verander die volgende sinne in die **ontkennende/ negatiewe vorm.** Skryf die sin oor. (6)

a. Het jy al ooit 'n draak gesien?
b. Dinosourusse moet blare eet om hulle kos fyn te maal.
c. Ek wil na Vaaldam toe gaan.

**Vraag 3:**

Gee die **intensiewe vorm** van die onderstreepte woord. (3)

a. Die dinosourusse het in groen lande gebly.
b. As jy dinosourusse vandag sien, sal hulle baie oud wees.
c. Die draak is lelik.

**Vraag 4:**


Verander die volgende sinne na die **verlede tyd.** (3)

a. Dinosourusse maak baie ander diere bang.
b. Die draak woon in Vaaldam.
c. Ek wens dat ek 'n draak kan ontmoet.

**Vraag 5:**

Gee die **afkorting** of die **volwoord** vir die volgende: (4)

a. doktor
b. asb.
c. ds.
d. volgende



**Vraag 6:**

Herskryf die **onderstreepte woord** en sê of dit 'n **bywoord van tyd, bywoord van plek** of **bywoord van wyse** is. (3)

a. Dinosourusse het jare gelede uitgesterf.
b. Hulle het meestal in groen lande gebly.
c. Party dinosourusse kon vinnig hardloop.


**Vraag 7:**

Lees deur die volgende paragraaf en sê dan watter tipe **selfstandige naamwoord** die **vetgedrukte** woorde is. Kies uit die antwoorde hieronder. Skryf slegs die **nommer** en die **letter** neer.

Byvoorbeeld: 1. A (6)

| | | |
|---|---|---|
| A- soortnaam | B- versamelnaam | C- stofnaam |
| D- abstrakte selfstandige naamwoorde | | E- eienaam |

Hallo, my naam is **(1) Pieter.** Ek wil graag my storie vertel. Ek het groot **(2) vlerke** en ek is 'n prehistoriese **(3) dier.** Dit beteken dat ek 90 miljoen jare gelede geleef het. As jy van ver af kyk, lyk ons soos 'n **(4) swerm** bye. Eintlik is ons vlieënde akkedise. Dus is ek 'n reptiel. In ons land is die water so skoon, dat dit soos **(5) diamante** skyn. Ek is 'n baie vriendelike dinosourus, maar as mense my sien, voel hulle **(6) vrees.**




**Subtotaal : 28**

***Die Einde***